



2022

1. Om te leef in die wil van God is die veiligste plek om te wees.

2. Hoekom: God het 'n plan met jou en vir jou lewe!

Amos 5:4 Soek My/Vra na My wil, dan sal julle lewe!



Die Heiligheid van God!

**Om die “Heiligheid” van God
te verstaan, gaan ek die:**

**“Hart” van God moet
verstaan en**

**Gehoorsaam aan God moet
wees.**

Wat beteken dit dat God heilig, heilig, heilig is?



Die frase "heilig, heilig, heilig" verskyn twee keer in die Bybel, in die Ou Testament (Jes 6:3) en in die Nuwe Testament (Openbaring 4:8). Beide kere is die frase deur hemelse wesens gesing of gesprek en beide kere gebeur dit in die visioen van 'n man wat na die troon van God verplaas is: eerstens deur die profeet Jesaja en dan deur die apostel Johannes. Voordat ons die drievoudige herhaling van God se heiligheid aanspreek, is dit belangrik om te verstaan wat presies bedoel is deur God se heiligheid.

Isa 6:3 En die een het die ander toegeroep en gesê: Heilig, heilig, heilig is die HERE van die leërskaie. Die hele aarde is van sy heerlikheid vol!

Rev 4:8 En die vier lewende wesens het elkeen vir homself ses vlerke gehad, en hulle was rondom en van binne vol oë; en hulle het sonder ophou dag en nag gesê: Heilig, heilig, heilig is die Here God, die Almagtige, wat was en wat is en wat kom!

Wat beteken dit dat God heilig, heilig, heilig is?



God se heiligheid is die moeilikste van al God se karaktereienskappe om te verduidelik, deels omdat dit een van Sy belangrikste eienskappe is wat 'n mens nie oor beskik nie. Ons is na God se beeld geskape en ons beskik oor baie van Sy eienskappe, natuurlik in 'n mindere mate vanselfsprekend, soos liefde, genade, getrouheid, ens. Sommige van God se eienskappe sal egter nooit deur menslike skepsels gedeel word nie – alomteenwoordigheid, alwetendheid, almagtigheid en heiligheid. God se heiligheid is wat Hom van alle ander wesens onderskei en hom eiesoortig en anders van alles maak. Die heiligheid van God is meer as net Sy volmaaktheid of sondelose reinheid; dit is die wese van Sy "andersheid", Sy bonatuurlikheid. God se heiligheid beliggaam die misterie van Sy uitnemendheid en veroorsaak dat ons Hom bewonder, as ons net begin om 'n geringe bietjie van Sy majesteit te begryp.

Wat beteken dit dat God heilig, heilig, heilig is?



Jesaja was 'n eerstehandse getuie van God se heiligheid in sy visioen wat in Jes 6 beskryf word. Al was Jesaja 'n profeet van God en 'n regverdige man, was sy reaksie teenoor die visioen van God se heiligheid, 'n bewusmaking van sy eie sondigheid en tot wanhoop van sy lewe (Jes 6:5). Selfs die engele in God se teenwoordigheid wat geroep het "Heilig, heilig, heilig is die Here die Almagtige!", het hul gesigte en voete met vier van hul ses vlerke bedek. Deur die gesig en voete te bedek, laat geen twyfel dat dit uit eerbied en ontsag was, as gevolg van die skielike teenwoordigheid van God nie. As die rein en heilige serafs met soveel eerbied en ontsag in God se teenwoordigheid vertoon, met watter diepe eerbied sal ons, besoedelde en sondige mense Hom nie nader nie! Die ontsag van die engele teenoor God herinner ons aan ons eie menswees as ons in gedagte en sonder eerbied in Sy teenwoordigheid ingaan, deurdat ons dikwels nie Sy heiligheid verstaan nie.

Isa 6:5 Toe het ek gesê: Wee my, ek is verlore! Want ek is 'n man onrein van lippe en woon onder 'n volk wat onrein van lippe is; want my oë het die Koning, die HERE van die leërskaars, gesien!

Wat beteken dit dat God heilig, heilig, heilig is?



Johannes se visioen oor die troon van God in Openbaring 4 is baie dieselfde as Jesaja s'n. Daar was weer lewende wesens rondom die troon wat uitergeroep het, "Heilig, heilig, heilig is die Here God die Almagtige" (Openbaring 4:8) – met eerbied en ontsag teenoor die Heilige Een. Johannes gaan voort om hierdie wesens te beskryf, terwyl hulle aanhou om God rondom Sy troon te eer en te loof. Wat interessant is, is Johannes se reaksie teenoor die visioen van God op Sy troon, wat anders is as dié van Jesaja. Daar is geen aantekening dat Johannes in vrees neergeval het en 'n bewusmaking van sy eie sondige natuur nie, aangesien Johannes miskien alreeds die opgestane Christus aan die begin van sy visioen ontmoet het (Openbaring 1:17). Christus het Sy hand op Johannes geplaas en gesê dat hy nie bang moes wees nie. Op dieselfde wyse kan ons die genadetron nader, as ons die hand van Christus oor ons het, in die vorm van Sy regverdigheid, wat aan die kruis omgeruil is vir ons sonde (2 Kor 5:21).

Rev 1:17 En toe ek Hom sien, val ek soos 'n dooie aan sy voete; en Hy het sy regterhand op my gelê en vir my gesê: Moenie vrees nie; Ek is die eerste en die laaste

2Co 5:21 Want Hy het Hom wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak, sodat ons kan word geregtigheid van God in Hom.

Wat beteken dit dat God heilig, heilig, heilig is?

Tit 3:5 nie op grond van die werke van geregtigheid wat ons gedoen het nie, maar na sy barmhartigheid het Hy ons gered deur die bad van die wedergeboorte en die vernuwing deur die Heilige Gees

Psa 24:3 Wie mag klim op die berg van die HERE? En wie mag staan in sy heilige plek?

Psa 24:4 Hy wat rein van hande en suiwer van hart is, wat sy siel nie ophef tot nietigheid en nie vals sweer nie.



Wat beteken dit dat God heilig, heilig, heilig is?



Php 3:8 Ja waarlik, ek ag ook alles skade om die uitnemendheid van die kennis van Christus Jesus, my Here, ter wille van wie ek alles prysgegee het en as drek beskou, om Christus as wins te verkry

Php 3:9 en in Hom gevind te word, nie met my geregtigheid wat uit die wet is nie, maar met dié wat deur die geloof in Christus is, die geregtigheid wat uit God is deur die geloof;

Php 3:10 sodat ek Hom kan ken en die krag van sy opstanding en die gemeenskap aan sy lyde terwyl ek aan sy dood gelykvormig word,

Php 3:11 of ek miskien die opstanding uit die dode kan bereik.

Php 3:12 Nie dat ek dit al verkry het of al volmaak is nie, maar ek jaag daarna of ek dit ook kan gryp, omdat ek ook deur Christus Jesus gegryp is.

Php 3:13 Broeders, ek reken nie dat ek dit self gegryp het nie.

Php 3:14 Maar een ding: ek vergeet die dinge wat agter is en strek my uit na wat voor is, en jaag na die doel om die prys te verkry van die hoë roeping van God in Christus Jesus.